# DIE PUBLIEK SE GIDS

## TOT DIE PROVINSIALE 2010/11 MEDIUM TERMYN BEGROTING

### “NOUSTROP BEGROTING , DRA BY TOT MAKSIMUM WAARDE”

**VERSKAF BETER EN MEER DIENSTE MET MINDER GELD!**

Die sukses van die provinsiale begroting lê in die Provinsiale regering se vermoë om ewewig te skep tussen al die verskillende teenstrydige behoeftes. Ter aansluiting, moet die Provinsiale regering voldoen aan konstitusionele sosiale verantwoordelikhede (Onderwys, Gesondheid en Maatskaplikke Ontwikkeling) in sy strewe om ekonomiese groei te verseker deur die bestuur van 'n meer omvattende landelike ontwikkeling vir die bevolking van die provinsie.

Suid-Afrika bied die 2010 FIFA Wêreldbeker sokker kompetisie aan wat plaasvind in Junie 2010. Die Noord Wes Provinsie het ook 'n aandeel aan die 2010 FIFA kompetisie met die hoof aanbieder binne die vinnig groeiende Rustenburg area, die Royal Bafokeng stadion. Die oefen terreine is geleë in Olimpia en Potchefstroom. Met beperkte hulpbronne beskikbaar, is voorbereiding vir die geleentheid op koers.

Die Provinsiale Tesourie versoek die publiek om ondersteunende inwoners te word deur ons veldtog “dis *jou begroting, word 'n driftige deelnemer*” en te verseker dat die regering se hulpbronne in 'n deursigtige en verantwoordelike wyse aangewend word om almal te bevoordeel wat dienste benodig. Te verseker dat bedrog en korrupsie na omgesien is, sodat die beperkte begroting aangewend word om die verskaffing vand dienste te bevorder.

Regeringswerknemers (Provinsiaal en Munisipaal) word aangemoedig om te verseker dat die beperkte hulpbronne effektief en doeltreffend benut word vir die doel waarvoor dit aangewys is. Ons moedig ook die werknemers aan om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul begrotings deur te sê: *“dit is met trots ons begroting.”*

North West Province

**“Met Trots ons Begroting”**

**VERSKAF BETER EN MEER DIENSTE MET MINDER GELD!**

# 2010/11 HOOGTEPUNTE VAN DIE BEGROTING



## Verandering in die Provinsiale begroting

**Die viering van die groot gebeurtenis op die Afrika kontinent, die 2010 Wêreldbeker sokker kompetisie, word geabsorbeer binne die 2010/2011 Medium Termyn Begrotings Raamwerk (MTBR). Dit is een van die opwindende finansiele jare waarin die geleentheid gegee is om gasheer van die gebeurtenis te wees. Suid-Afrika net soos ander dele in die wêreld is steeds besig om te genees van die impak wat resessie gehad het, maar dit is van die allergrootste belang om alle pogings aan te wend om te verseker dat ons die uitdagings oorkom met 'n gesindheid van "*doen meer met minder*".**

**Die 2010/2011 Meduim Termyn Begrotings Raamwerk verteenwoordig die regering se planne en verpligtinge om dienste te lewer volgens die prioritiete wat geidentifiseer is in die Medium Termyn Stragetiese Raamwerk. Die volgende tien prioriteite is deur die regering verklaar:**



- Bespoedig ekonomiese groei en transformeer die ekonomie om behoorlike werk en 'n volhoubare bestaan te skep.
- Enorme program om sosiale en ekonomiese infrastruktuur te bou.
- Omvattende landelike ontwikkelingsstrategie wat aansluiting vind by grond en landbou hervorming asook voedsel sekuriteit.
- Versterk die vaardigheids- en menslike hulpbronfondamente.
- Verbeter die gesondheidsprofiel van die bevolking.
- Verskerp die stryd teen misdaad en korrupsie.
- Bou samehorende, versorgende en volhoubare gemeenskappe.
- Volhoubare bestuur en gebruik van hulpbronne.
- Strewe na bevordering van Afrika en versterking van internasionale samewerking asook die
- Bou van 'n onwikkelende staat ingesluit die verbetering van publieke dienste en versterking aan demokratiese instellings.

**Die begroting onderneem om die prioriteite met die beperkte hulpbronne aan te spreek, maar kan deur die samewerking van die publiek en beter gebruikmaking van die hulpbronne deur werknemers en aandeelhouers, baie bereik.**



## Samestelling van die Provinsiale begroting

**Die provinsiale begroting is onder uiterste uitdagings en beperkte alternatiewe in die huidige ongunstige globale ekonomiese omstandighede, saamgestel. Daarom is dit moeilik om al die behoeftes van die gemeenskap aan te spreek.**

**As gevolg van die situasie, het die regering 'n standpunt ingeneem deur te herfokus op hul mandaat om dienste te lewer en beloof om uitgawes op nie-kern begrotingsprogramme te sny sodat die fondse na frontlinie dienste gekanaliseer kan word om sodoende die behoeftes van die mense in die Noord Wes Provinsie te bevredig. Die volgende prioriteite is:**



- Verminder spandering op nie-kern funksies en aktiwiteite, ingesluit die verskuiwing van hulpbronne van administratiewe komponente na frontlinie dienste.
- Hersien die funksies en mandate van publieke entiteite en agentskappe om te verseker dat duplikasies verminder word en doeltreffendheid en verantwoordelikheid verhoog word.
- Hersien publieke spandering om swak uitvoerbare programme, aktiwiteite van lae prioriteit en ondoeltreffende beleide uit te roei.
- Hervorm aankoop stelsels om die effektiwiteit en doeltreffendheid van die verspreiding van hulpbronne te verbeter en om bedrog en korrupsie aan te spreek.
- Verander die kultuur van publieke dienste om vermorsing te verminder en om buitensporige spandering, afskeep werk en korrupsie te voorkom.

**As almal saamstaan en saamwerk om eienaarskap van die begroting te neem vir verhoogde prestasie, sal dit bereikbaar wees deur "*meer te doen met minder*".**

## MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING



**Die 2010/11 Provinsiale begroting beklemtoon hoofsaaklik die opeenvolgende verskaffing van maatskaplike dienste aan terreine soos Onderwys, Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling, Behuising, ontwikkeling van paaie en ander verwante publieke werke dienste.**

### ONDERWYS

Die department streef daarna om, onder andere, kwaliteit basiese onderwys vir verhoogde leerder prestasie deur uitmuntende onderwyser en ondersteuningsdienste, te verskaf.

Ontvang 'n begroting van **R 9.1biljoen**

'n Gedeelte van die toewysing is geoogmerk vir befondsing volgens voorwaardelike toekennings van die Nasionale Regering en beloop 'n totale bedrag van **R271** miljoen om spesifieke nasionale prioriteite aan te spreek.

Die onderwys sektor sal voortgaan om dienste te bespoedig deur:

- Hulpbronne aan gewone publieke en spesiale skole te verskaf
- Onderwysers en leerders in gewone publieke en spesiale skole met departementele bestuur ondersteuningsdienste te ondersteun.
- Steun aan onafhanklike skole te verskaf.
- Die kwaliteit van onderwys en vaardigheidsontwikkeling te verhoog, deur te fokus op die verbetering van die fondasie fase letterkunde en syferkennis en die verhoging van die slaagsyfer van die getal graad-12 leerders in wiskunde en wetenskap.
- Implementeer die evaluering van onafhanklike prestasie in sommige grade.
- Te verseker dat primêre en sekondêre skool leerders in minder bevoorregte skole toegang het tot voedsame maaltye by hul onderskeie instellings.
- Onderwys in Tersiëre Sekondêre Skole te verbeter.
- Verskaf HIV/VIGS opvoeding en ondersteuning aan alle instansies binne die kurrikulum.

**"DIT IS JOU BEGROTING, WORD 'N DEELNEMER"**

## GESONDHEID



Die department is verantwoordelik vir die verskaffing van dienste in primere gesondheidssorg, hospitaal-, forensiese patologiese- en mediese noodtoestand dienste en sal voortgaan met die verbetering van die omstandighede van alle inwoners van die provinsie deur die uitvoering van kwaliteit gesondheidssorg en dienste.

Ontvang 'n totale begroting toewysing van **R 5.6 biljoen**

Geoormerkte befondsing volgens spesifieke vereistes van die Nasionale regering is ingesluit in die begroting om sekere nasionale prioriteite aan te spreek en beloop 'n totale bedrag van **R1.2 biljoen.**

Die gesondheidssektor sal voortgaan met die uitvoering van kwaliteit gesondheidssorg, onder andere, op die volgende terreine:

- Verminder suigeling- en kindersterftes
- Verskaf gesondheidsnoodtoestand dienste gedurende die 2010 FIFA Wêreldbeker.
- Implementeer 'n omvattende provinsiale teen reaksie op HIV/VIGS en verwante siektes.
- Verhoog dienslewering, beveg armoede en beskerm kwesbare groepe in die gemeenskap.
- Laboratorium dienste word in die begroting geprioritiseer om uitdagings in hospitale in die verband aan te spreek.
- Primêre gesondheidssorg dienste word verbeter om sodoende die verwysingssisteem te verbeter.
- Die Beroeps Spesifieke Toedeling (BST) vir dokters, tandartse, farmaseute en NMHW werkers sal geimplementeer word oor die medium termyn begrotings raamwerk.
- Tuberkulose (TB) herstelkoers word beraam om te vermeerder oor die medium termyn begrotings raamwerk en dit word beoog dat beskikbare fondse vir TB en behoorlike bestuur van die program, die probleem sal verlig. 'n TB krisis plan is ontwikkel.
- Addisionele fondse is verskaf om die aanwas op Nasionale Gesondheid Laboratorium dienste, pasiënte voeding en mediese toerusting te handhaaf.




## MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING



Die department beoog om sosiale beskermingsdienste te verseker. Sosiale ontwikkelingsdienste verskaf die voorsiening van sorg en ondersteuningsdienste aan die arme en kwesbare, ingesluit maatreëls en projekte om mense te help om die effek van armoede en HIV/VIGS te hanteer. Dit sluit in die voorsiening van beradingsdienste aan slagoffers van misdaad en geweld, huisgebasseerde sorg vir mense besmet en aangetas deur HIV/VIGS, beskerming aan kinders en dienste aan vrouens, bejaardes en mense met liggaamsgebreke, asook dienste om mishandeling te beveg en dié in konflik met die wet.


Ontvang 'n totale begrotingstoewysing van **R 750 miljoen**

Die sektor sal voortgaan met die verskaffing van maatskaplike beskermingsdienste deur:

- Die stryd teen armoede deur die implementering van die Provinsiale-armoede Uitwissingsstrategie asook die bestuur van Stryd-kamers, te verseker.
- Implementering van die "Masupatsela Youth Pioneer" projek en die Nasionale Jeug dienste.
- Vermeerdering van werksgeleenthede in die provinsie deur die uitgebreide openbare werke program te fokus op vroeë kinderjare ontwikkeling en huisgebasseerde sorg programme asook die aanstelling van beginners in maatskaplike hulpdienste.
- Versterk programme gemik op beskerming van kinders, jeug, vrouens en gestremde en bejaarde mense.
- Implementeer programme en stelsels om maatskaplike dienste met spesiale fokus op mishandeling, gebreke en slagoffer veiligheidseenhede te verbeter.
- Voortgaan met die verskaffing van maatskaplike dienste deur oordrag betalings aan nie-regerings instansies wat meer aandag gee aan HIV /VIGS en ongeskiktheidsdienste.
- Voortgaan met die werwing van maatskaplike werkers deur die nasionale beursskema.
- Voortgaan met die bou van Veiligheidssorgeenhede en Slagoffer veiligheidseenhede, waar benodig, vir die verskaffing van sorg aan minderjariges in konflik met die wet.



## BEHUISING



Die primêre funksie van die Departement is die verskaffing van huise en infrastruktuur op 'n geintegreerde wyse.

Ontvang 'n totale toegewysde begroting van **R I. 4 biljoen.**

'n Meerderheid van die begroting is voorwaardelik geoormerk vir Behuisings toelae met 'n bedrag van **R I.3 biljoen.**

Die sektor is daarop toegespits om bewoonbare en onderhoubare behuising te voorsien en werk daarom nou saam met die munisipaliteite wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van behuisingsprojekte in verskillende dele van die provinsie.

- Die department sal 500 wooneenhede vir verhuring in die volgende finansiële jaar bou.
- 20 000 wooneenhede sal geregistreer word vir die opgradering van informele nedersettings na formele nedersettings.
- 'n Beraamde hoeveelheid van 27 000 aansoeke vir huis toelaes sal geprosesseer word gedurende die 2010 finansiële jaar.

# EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME



Die department se primere doelstelling is om leiding te neem in sake rakende die prestasie van ekonomiese doelwitte soos gespesifiseer in die Provinsiale Groei en Ontwikkelings Strategie en goedgekeur deur die provinsie in Augustus 2004. Die strategie vereis dat die provinsie 'n gemiddelde groei tempo van 6,6% per jaar moet handhaaf om te verseker dat werkloosheid gedurende 'n 10 jaar periode halveer word. Dit vereis ook dat 'n belegging van R 6,3 biljoen per jaar van beide die publieke- en private sektore geskep word om sodoende die armoede en werkloosheid in die provinsie effektiewelik aan te spreek. As gevolg van die resessie het die ekonomie in die land volhoudend gedaal gedurende die tydperk. Alhoewel die resessie verby is, gaan die ekonomie lank vat om te herstel.

Ontvang 'n totale begroting **R 337 Miljoen**

Die begroting sal onder andere prioritiet areas aanspreek deur groei en indiensneming te teiken soos:

- Heropbou van Madikwe Sisal, Ganyesa Wild Silk
- Vestiging van NWDC klein sake ondernemings
- Skepping van Jeug Koöperatiewe

# LANDBOU



Die department beoog om professionele landbou ondersteuning aan boere te verleen deur middel van Distriksdienste om die onderhoubare bestuur van Landbou hulpbronne, Landbou Ontwikkeling en betekenisvolle bydraes tot die ekonomie van die Provinsie te verseker.

Ontvang 'n begroting van **R 679 miljoen**

'n Gedeelte van die begroting is geoormerkte befondsing van Nasionale voorwaardelike toekennings om spesifieke landbou programme aan te spreek met 'n totale bedrag van **R 127 miljoen**

- Die department sal voortgaan om voorsiening te maak vir die “Western Frontier Cattle Beneficiation Initiative” (PGOS)
- ‘n Verdere totaal van 200 boere sal gedurende die 2010/11 finansiële jaar opleiding ontvang. Tot op datum is 28 veeboer koöperatiewe gestig en geregistreer.
- Omheiningsprogram: Wat huideglik in 'n UPWP fase is, is daarop gemik om heinings om weidingsareas en gewasse produksie gebiede in informele nedersettings op te rig, om sodoende beheer oor die verwydering van produksie van die land af, uit te oefen en daarmee produksie van voedsel gewasse te vehoog. Dit sal bydra tot die gereedheid van boere om voordeel te trek uit die uitmuntende bio-brandstof strategie. Die program sal voortgaan vir 'n onbepaalde tydperk as 'n hoë impak projek.
- Meganiseringsprogram: Die fokus van die program is gemik op die voorsiening van 'n meganiese, gewas produksie paket aan alle opkomende/ontwikkelende boere, om hulle in 'n beter posisie te plaas om voordeel uit die geleenthede van die uitmuntende nasionale bio-brandstof strategie te trek. Vantevore het twintig koöperatiewe/trustees/KPA's voordeel getrek uit die projek en vervolgens sal die ondersteuning vir die voorheen agtergeblewe boere en hulle koöperatiewe tot in 2010 nog voortduur.



# OPENBARE WERKE, PAAIE EN VERVOER

Die department se primere funksie is om veiliger publieke vervoer, grond en geboue en 'n infrastruktuur ontwikkeling bestuursstelsel vir paaie ten opsigte van 'n beter lewensuitkyk vir alle inwoners van die provinsie, te bewerkstellig.

Ontvang 'n totale begroting van **R 2. 6 biljoen**

'n Gedeelte van die begroting is geoormerk vir voorwaardelike toewysigings fondse om areas van pad infrastruktuur en bus subsidies te hanteer tot en met die bedrag van **R 698 miljoen**



Die department steef daarna om die volgende te doen:

- Konstruksie en instandhouding van die provinsiale pad infrastruktuur.
- Om die samewerking met die Noord Wes Taxi Industrie te versterk met betrekking tot Ekonomise Bemagtiging van Taxi Operateurs in die Provinsie.
- Om die bestuur van infrastruktuur en aktiwiteite rakende die Provinsiale Lughawens en Lugvaart te verbeter.
- Strategiese posisionering van die provinsie om die Lugvaart uitdagings en vereistes van die FIFA 2010 Sokker Wêreld beker en daarna in die Noord Wes, na te kom.
- Die verwydering van verouderde taxi's sal voortgaan as deel van Taxi Herkapitalisering.
- Implimentering en koördinering van die uitgebreide openbare werke program.

# SAMEVATTING

**Dit was 'n moeisame taak om die 2010/11 begroting saam te stel en te rekonsilieer onder die omstandighede van 'n globale ekonomiese ineenstorting wat nou ten einde gekom het. Ten spyte van al die uitdagings sal die provinsiale regering volhou om kwaliteitsdienste aan die inwoners van die provinsie te verskaf.**

**Dit moet ook in ag geneem word dat die provinsiale begrotingspaket verminder het as gevolg van die ekonomiese resessie en die herindeling van Merafong Munisipaliteit aan Gauteng. Maar ons handhaaf steeds die leuse, “ doen meer met minder”. Daar word steeds gehoop dat die situasie sal verander en dat die begroting binnekort sal stabiliseer.**

**Nietemin, sal die Provinsiale Tesourie voortgaan met sy pogings om primêre funksies te befonds sodat departemente daardeur ondersteun sal word in hul taak om verbeterde dienste en verhoogde lewensomstandighede vir alle inwoners in die Noordwes Provinsie te bewerkstellig. Daarom, laat ons almal saamwerk, eienaarskap van hierdie begroting neem, aksie aan die orde van die dag lê!**

**Hoe ook al, die regering van die dag sal volhou om sy mandaat uit te voer deur meer dienste te lewer met minder hulpbronne. Word 'n eienaar van die begroting en wees 'n deelnemer!!!!**

**Hierdie gids tot die 2010/2011 Noordwes Begroting word gepubliseer deur die Provinsiale Tesourie om sodoende die inwoners van die Noordwes Provinsie in te lig hoe die provinsiale regering hul behoeftes aanspreek. Enige voorstelle om die publikasie te verbeter of enige kommetaar op die publikasie kan gerig word aan:**
**Die Superintendent-generaal:**

Noordwes Provinsiale Tesourie, Privaatsak X2060,
Mmabatho,
2735.